

# Kahles vier 125 jaar van diens aan sy kliënte

Die jaar 2023 is 'n grote vir Kahles want hul 125ste bestaansjaar word herdenk as die wêreld se oudste optiese-vervaardiger. Die fabriek is gedurende 1898 deur Karl Robert Kahles in Viënnä begin. Karl Kahles was ook die eerste persoon wat 'n teleskoop vir gewere ontwerp en vervaardig het. Gedurende die afgelope 125 jaar het hulle verskeie mylpale bereik en van krag-tot-krag gegaan om een van die beste optiese-vervaardigers erken te word. Dit is belangrik om te weet dat Kahles 'n suster-maatskappy van Swarovski is, laasgenoemde het dit 'n aantal jare gelede oorgekoop . . .

Hul formule vir sukses is eenvoudig – luister na die kliënt daar buite en pas daarvolgens jou beplanning en produkte aan. Daarom spandeer Kahles baie tyd om inligting vanaf jagters sowel as sportskuts in te win en daardie inligting dan te toets teenoor hul eie werknemers waarvan baie ook jagters en/of sportskuts is.



**Karl Kahles**  
OPTISCHE-ANSTALT  
Lieferant für die k.u.k. Armee und k.u.k. Kriegsmarine  
Brief-Adresse Kontor und Niederlage  
VI/1 Gumpendorferstrasse 33  
Fabrik: XIII/2 Einwaggasse 48.  
W I E N  
Werkstätten für Präzisions-Mechanik & Optik mit elektr. Kraftbetrieb.  
TELEPHON 4923. Ost Postsparkassen-Nr. 84507  
SPECIALIST  
für GEWEHRFERNDROHRE, PROJECTIONS APPARATE  
PRISMEN-BINOCLES, ZUGFERNDROHRE  
TERRESTRIE u. ASTRON. FERNDROHRE.  
MESSINSTRUMENTE,  
sowie für alle in dieses Fach gehörigen  
INSTRUMENTE.  
Eigene Abteilung für alle einschlägigen  
Reparaturen.



# Steyr Luxus en Kahles Helia Super 6X42mm na 27 jaar in Alpe gevind

'n Verhaal wat ek nog altyd as fassinerend beskou het is die een van die Steyr met 'n Kahles teleskoop wat in die Alpe verlore geraak het en na amper drie dekades gevind is.

'n Jong Oostenrykse jagter het gedurende September van 1977 die piek 'Kometeralpe', wat 2500 meter bokant seespiël troon, uitgeklim om 'n chamois (GAMS) te jag. Toe hy ongeveer 200 meter van die kruin van die berg is, het hy 'n chamois effens bokant hom gewaar en dit geskiet. Hy het dadelik gesien dit is 'n goeie skoot want die chamois het op die plek geval. Hy het herlaai en 'n rukkiewag totdat hy tevrede was die dier is dood. Dit is toe dat hy 'n foutjie maak wat hy sekerlik nog lank sal onthou, maar die ironie daarvan is dat dit heelwaarskynlik die langste en veeleisende toets, onder uiterste klimaatomstandighede, vir enige geweer en teleskoop tot op rekord sou word. Die jagter het sy geweer net daar gelos want hy het gewete hy moet weer daar langs verby kom oppad terug. Die chamois was egter verder as wat hy gedink het want hy moes 'n ompad neem om daar uit te kom. Nadat hy die chamois afgeslag en die vleis in sy rugsak gesit het, het hy met sy terugtog begin. Hy het gou agtergekom dat die berg van onder af verskillend lyk as van bo af en kon dooereenvoudig nie die plek kry waar hy sy geweer gelos het nie. Omdat dit reeds laat was het hy besluit om af te klim en die vleis huis toe te neem en die volgende dag sy geweer te

kom soek.

Die dag daarna was hy weer op die berg opsoek na sy geweer maar kon dit weereens nie vind nie. Hierdie soektog is daagliks herhaal todat die jagter beseft het sy geweer is vir ewig weg.

Amper drie dekades later het 'n ander jagter, Hannes, ook op 'Kometeralpe' na chamois gesoek. Toe hy sy chamois skiet en nader gaan was sy verbasing groot om te sien daar staan 'n ou Steyr geweer met 'n Kahles teleskoop teen 'n rots. Met optel van die geweer kon hy nog duidelik deur die teleskoop sien en die naam en spesifikasies lees - K.KAHLES WIEN, HELIA Super 6 S2, Nr. 179075.

Hy het Kahles die volgende dag gekontak en die geweer en teleskoop aan hulle besorg. Nadat Kahles die nodige stappe geneem het om eienaarskap te bevestig en die produkte van die oorspronklike eienaar te koop, is dit na 'n wapensmit geneem om te deaktiveer want die rondte was nog steeds in die loop.

Vandag vorm hierdie Steyr Luxus en Kahles Helia deel van die produkte wat in Kahles vertoonkamer vertoon word en regoor die wêreld na skoue geneem word. Dit is 'n bewys van Oostenrykse kwaliteit en duursaamheid want hierdie produkte, veral die teleskoop, het die gure weer van die Alpe vir amper 30 jaar weerstaan.




## Besoek aan Kahles fabriek

Met ons aankoms by die fabriek wat net buite Viëna geleë is kon mens dadelik die gevoel van kwaliteit kry, net soos in die Swarovski-fabriek. Ons drink eers koffie in die vertoonkamer waar daar 'n voorbeeld van elke Kahles produk wat ooit vervaardig is te sien is. Die verlore Steyr en Kahles het 'n ere-plek agter die glaspanele en gelukkig was Peter so vriendelik om dit uit te haal sodat ek dit kon vashou. Die geweer is redelik opgeroes maar die teleskoop is nog duidelik en sy verstellings werk nog. Ek kyk ook deur die teleskope wat 50 jaar gelede vervaardig is en dit is merkwaardig om die kwaliteit verskil te sien.

Die fabriek is klinies skoon en elke ding is netjies op sy plek en niks staan rond om stof te vergader nie, want stof is 'n nagmerrie vir enige optiese-vervaardiger. Dit is heelwaarskynlik hoekom niemand nog ooit probeer het om 'n optiese-fabriek in Suid-Afrika te open nie.

Hoogsopgeleide werknemers beman die rekenaars, masjiene en ander apparaat om die Kahles produkte te vervaardig. Die lugvloei word met 'eenrigtingverkeer' beheer sodat stofdeeltjies nie maklik die kritiese vervaardigingsproses kan bereik nie. Selfs as besoeker moes ek 'n wit jas en wit 'kouse' oor my skoene aantrek om te versker dat daar niks die fabriek binnegaan wat nie daar hoort nie . . .

Ek is nie toegelaat om fotos te neem nie maar hulle het verskeie fotos aan ons verskaf vir publikasie doeleindes.



## Kahles Helia 3,5-18 X 50i

Die Helia 3,5-18 X 50i is 'n nuwe toevoeging tot die Helia reeks, wat die jagter in die bosveld, sowel as op die oopvlaktes suksesvol kan gebruik. Met sy 18X vergroting kan wild of 'n gewone teiken oor langer afstande suksesvol gertef word. Die parallaksverstelling is elegant en gekombineer met die verligtingsverstelknop.

Die beeld is kristalhelder, maak nie saak op water vergroting dit gestel

is nie. Die kruishaar is duidelik en fyn genoeg om baie goeie skote te skiet. Hierdie Helia is ook met 'n ballistiese-kruishaar beskikbaar. Nog 'n interessante funksie wat dit het, is dat die verligting van die kruishaar outomaties afskakel as die teleskoop 'n rukkie stil lê. Wanneer mens dit optel skakel dit weer outomaties aan, dit bespaar battery krag.

Die tegniese inligting lyk so (Soos deur Kahles verskaf)

Magnification:	3,5-18
Objective lens diameter: (mm)	50
Eye relief: (mm)	95
Field of view: (m/100m)	12,2 - 2,2
Exit pupil distance: (mm)	9,0 - 2,8
Twilight factor: (DIN 58388)	10,5 - 30
Parallax adjustment: (m)	50 - ∞
Impact correction/click: (mm/100m)	10
Tube diameter: (mm)	30
Length: (mm)	383
Weight: (g)	660
Reticle:	4-Dot G4B
Focal plane:	Second

